Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 17: *Yitro* (יתרו) – Jetro

Yitro, die nie-Levietiese priester van Midyan, Moshe se skoonvader, het alles gehoor wat God vir Moshe en vir Sy volk Yisra'el gedoen het; hoe יהוה *Yisra'el uit Egipte uitgebring het.* Ex. 18:1 – PWL[1]

Torah: Exodus 18:1 tot 20:26.

Haftorah: Jes. 6:1 tot 7:6 en Jes. 9:5 en 6.

Nuwe Verbond: Matth. 5:17 tot 19; Matth. 6:1 tot 8:1; Matth. 19:16-30; John 14:15; Rom. 7:7 tot 12; Rom. 13:8 tot 10; Hebr. 12:18 tot 29; Jak. 2:8 tot 13; 1 Joh. 2:3 tot 6; 1 Joh. 3:4 tot 10.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 17 wat afgelaai kan word by: Parashah17Notas14 of by Parashah17Notas15.

Next time you meet with your pastor ask him this question: Pastor, if I don't have to observe the Sabbath anymore, is there any other sin you encourage me to do?

Baie sal oor die waarheid struikel en selfs val, maar dan weer opstaan, hulself afstof en met die leuen voortgaan.

Torah Bespreking

Shavuot En Daarna

Die hele volk het die stemme gehoor, die blitse, die klank van die ramshoring en die rokende berg gesien. Toe die volk dit sien het hulle gebewe en op 'n afstand bly staan. Ex. 20:18.

[1] Alle teksverwysings is geneem uit PWL Vertaling, behalwe waar anders vermeld. Die PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch, **maar is ook nou in gedrukte formaat beskikbaar. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.**

Sewe weke na die uittog uit Egipte staan Israel gereed aan die voet van Sinai om YHVH se Torah te ontvang. Hierdie dag en gebeurtenis staan as *Shavout* bekend – die Fees van Weke (Pinksterfees).

Die gee van YHVH se Torah is ‘n sinnebeeld van die uitstorting van die Afgesonderde Gees.

Na Pesag (sinnebeeld van wedergeboorte en bekering) en die deurtog deur die Rooisee (sinnebeeld van die waterdoop) moet ons elkeen by ‘Sinai’ vertoef om YHVH se Torah soos dit in Yeshua vervul is en die Afgesonderde Gees te ontvang! Alleenlik dan is ons gereed om die tog deur die wildernis van hierdie wêreld na die Beloofde Land (die beloftes) aan te pak!

Dit is baie belangrik om die volgende te onthou: Die volgelinge van Yeshua was op die dag van *Shavuot* (Pinkster) bymekaar om die gee van die Torah te gedenk!! Soos Israel van ouds het hulle hulself ook voorberei vir hierdie afspraak (ontmoeting) met YHVH. Waarskynlik het hulle hierdie keer ‘n verwagtende verlange gehad na die belofte wat Yeshua hulle aan herinner het voordat Hy in die hemel opgeneem is, naamlik:

Terwyl Hy saam met hulle brood geëet het, het Hy hulle beveel om nie van Yerushalayim af weg te gaan nie, maar om: “Te wag op die belofte van die Vader, wat julle van My gehoor het, want Yoganan het met water gedoop, maar julle sal, nie baie dae hierna nie, met die Gees van Afsondering gedoop word. Hand. 1:4 en 5

Vandag moet ons egter vra: Wat het in die daaropvolgende jare na die uitstorting van die Afgesonderde Gees gebeur? Dit is veral belangrik om te verstaan hoe die gemeente van Handelinge georganiseer was en hoe hulle gefunksioneer het. Dit is tog sekerlik ons doel om soos ‘n gemeente van Handelinge te wees?!

Volgens my kennis, en ek aanvaar dat ek verkeerd kan wees, word hierdie onderwerp selde deur die Messiaanse Beweging aangespreek. Dit is veral oor die gawes van die Afgesonderde Gees en oor die verskillende bedieninge – die vyfvoudbediening – waaroor baie min gepraat en geskryf word. Daarom is my vraag aan elkeen wat glo in Yeshua as die Messias, en wat die Torah-gehoorsame pad stap, die volgende: Het ons so gefokus geraak op die gee van Torah en Rabbynse Judaïsme se leringe hieroor dat die werklike doel van *Shavuot*, naamlik die uitstorting van die Gees van Afsondering, en waarvan die gee van Torah slegs ‘n skadubeeld was, agterweë bly? Ek wil die vraag ook anders stel: Verstaan ons regtig *Shavuot* en hoekom YHVH vir ons die Afgesonderde Gees gegee het? En dan ook die belangrike vraag: Is ons georganiseerd en funksioneer ons soos die gemeente van Handelinge?

Eerstens is dit belangrik om te onthou dat met *Shavuot* gedenk ons ook soos Israel van ouds die gee van die Torah, maar ons gedenk ook die gee van die Afgesonderde Gees wat in ons uitgestort is om kragtige getuies – in gedagtes, woorde en dade – van YHVH se Torah soos dit in Yeshua vervul is, te wees. Torah sonder die Afgesonderde Gees is dood, maar Torah met die Afgesonderde Gees is ware Lewe – die Boom van die Lewe!!

Julle is ons brief, geskryf in ons verstand, wil en emosie, geken en gelees deur almal, want julle weet dat julle Die Gesalfde Een se brief is deur ons dienswerk, geskryf nie met ink nie, maar met die Gees van die lewende God; nie op kliptafels nie, maar op die vleestafels van die verstand, wil en emosie.
Só ’n vertroue het ons, deur Die Gesalfde Een, by God.
Nie dat ons uit onsself genoeg is om enige iets van onsself te dink nie, maar ons krag is uit God,

wat ons waardig gemaak het om bedienaars van die nuwe verbond te wees, nie deur wat geskryf is nie, maar deur die Gees, want die geskrewe woord maak dood, maar die Gees gee lewe. 2 Kor. 3:3 en 6.

Gevul met die Afgesonderde Gees kan elkeen ‘n Torah-gehoorsame lewe leef. Dan word Torah ‘n vreugde, want ons leef dit sonder die oordeel van die oortreding daarvan. YHVH het ons deur Yeshua Messias gered en vrygespreek sodat ons met die Afgesonderde Gees gevul kan wees om Torah te kan verstaan (dit is in ons verstand gegee) en Torah as hartsbegeerte te kan leef (dit is op ons hart geskryf). Die wet van die Gees van lewe in Yeshua Messias het ons vrygemaak van die wet van sonde en oordeel (Rom. 8:2). Nou kan ons as vrygespreektes volgens Torah soos dit in Yeshua vervul is, leef – nie volgens die letter van die wet nie, maar in die *nuwigheid van die Gees* (Rom. 7:5 en 6), want Torah is nie meer op kliptafels geskryf nie, maar op ons harte.

Indien ons wel weens ons swakhede sondig, en dit met ware berou bely, is YHVH getrou en regverdig om ons die sonde deur die genade in Yeshua te vergewe (1 Joh. 1:8 tot 10)

For when we were living according to our old nature, the passions connected with sins worked through the Torah in our various parts, with the result that we bore fruit for death. But now we have been released from this aspect of the Torah, because we have died to that which had us in its clutches, so that we are serving in the new way provided by the Spirit and not in the old way of outwardly following the letter of the law (Rom. 7:5 and 6 – Complete Jewish Bible)

Die Torah (die wet) en die Afgesonderde Gees is eenmalig gegee, maar ons ontvang daagliks die openbaringe van YHVH se liefdevolle onderrig en instruksies en ons word daagliks gevul met die krag, wysheid en insig van YHVH se Gees. Dit is die vreugde van *Shavuot* wat ons gedenk!!

Die Fees van Pinkster (*Shavuot*) is dus nog ‘n profetiese vervulling van YHVH se totale reddings- en herstelplan vir die mens. **Dit is die dag toe YHVH Sy Torah op die harte van die eerste volgelinge van Yeshua geskryf het en Hy hulle met Sy Gees gevul het om die werke van Yeshua Messias hier op aarde voort te sit**. Met Torah in hul verstand en hart, en gevul met die Afgesonderde Gees, kon die krag van YHVH in en deur hulle manifisteer. Hierdie twee saam, naamlik Torah soos in Yeshua vervul is en die Afgesonderde Gees vorm die basis vir die gawes (werking) van die Afgesonderde Gees en die funksionering van die vyfvoud bediening.

Op *Shavuot* was die Apostels bemagtig om die evangelie van die reddende genade in Yeshua te verkondig en almal te leer om Torah-gehoorsaam te lewe (Matt. 28:19). Nou was hulle bemagtig vir die gawes van die Afgesonderde Gees om deur hulle te manifisteer (Mark. 16:15 tot 20). Hierdie is YHVH se geskenk vir elkeen wat glo en dit begeer. Vader-God het deur Yeshua Sy Torah in ons verstand gegee, dit op ons harte geskryf en ons met Sy Afgesonderde Gees gevul sodat Torah en Sy Gees as eenheid saam kan funksioneer!!

Daarom is *Shavuot* ook die vervulling van die profesie in Eseg. 36:25 tot 29. Luister na hierdie woorde:

dan sal Ek skoon water op julle sprinkel en julle sal skoon wees; Ek sal julle van al jul vuilheid en van al jul afgode reinig.

Verder sal Ek vir julle 'n nuwe verstand, wil en emosie gee en 'n nuwe gees in jul binneste en Ek sal die verstand, wil en emosie van klip uit julle vlees wegvat en vir julle 'n verstand, wil en emosie van vlees gee.
Ek sal My Gees in julle sit en julle in My instellings laat loop en julle sal versigtig wees om My wette na te kom.
Julle sal in die land wat Ek vir jul voorvaders gegee het bly; so sal julle My volk wees en Ek sal julle God wees.
Verder sal Ek julle red van al jul onreinheid en Ek sal roep na die koring en dit vermenigvuldig en Ek sal nie 'n hongersnood op julle bring nie.

Volgens bogenoemde is die Afgesonderde Gees ons krag om te ontwikkel (geestelik te groei) tot 'n afgesonderde volk vir YHVH wat begeer om nougeset aan alles wat YHVH ons beveel het, en soos dit in Yeshua vervul is, gehoorsaam te wees. Ons sal gered (verlos) word van ons onreinheid en afgodery. Ons hart (verstand, wil en emosie) van klip sal verwyder word en ons gees sal vernuwe (vervang) word met die Afgesonderde Gees.

En as afgesonderdes van YHVH moet ons onsself organiseer om deur die werking van die Gees van Afsondering te kan funksioneer volgens die vyfvoud bediening van apostels (afgevaardigdes), profete, evangeliste (boodskappers van die goeie boodskap), herders en leraars (leermeesters). Dan sal ons begin om in die voetspore van die gemeente van Handelinge te stap. Dan sal ons groei tot geestelike volwassenheid en tot 'n standvastige eensgesindheid in Yeshua ons Messias. Dan sal ons die beeld van ons Vader aan die wêreld kan demonstreer. Paulus beskryf dit vir ons in Efes. 4:11 tot 24 soos volg:

en Hy het sommige as afgevaardigdes, sommige as profete, sommige as boodskappers van die goeie boodskap en sommige as herders en sommige as leermeesters gegee,
om die afgesonderdes volledig te maak vir hulle dade in die bediening tot opbouing van die liggaam van Die Gesalfde Een
totdat ons almal een sal wees in vertroue en in kennis van die Seun van God, een man, tot die mate van die volgroeidheid van Die Gesalfde Een.
Ons sal ook nie meer kinders wees wat geskud word en gepla word deur elke wind van lering nie; deur die bedrog van mense, wat deur slinksheid beplan om te mislei nie,
maar ons is standvastig in liefde sodat alles waarmee ons besig is, mag vermeerder in Die Gesalfde Een, wat die Hoof is en vanuit Hom is die hele liggaam inmekaargepas en een gemaak by elke ligament, volgens die gawe wat elke ledemaat na mate ontvang het, vir die groei van Sy liggaam sodat Sy gebou in liefde voltooi kan word.
Dit sê ek en getuig ek in יהוה dat julle van nou af nie langer moet leef soos die ander van ander nasies, wat leef in die leegheid van hulle denke, nie.
Hulle is verduister in hulle intellek en vreemdelinge aan die lewe van God, want hulle het nie kennis nie, as gevolg van die blindheid van hulle verstand, wil en emosie;
hulle wat hulle versekerde verwagting afgesny het en hulle gees oorgegee het aan wellustigheid en die ontwikkeling van allerhande onreinhede in hul gulsigheid.
Julle het egter nie so geleer van Die Gesalfde Een nie,
as julle inderdaad na Hom geluister het en deur Hom geleer is, aangesien alles wat waarheid is in Yeshua is:
dat julle, die vorige optrede van die ou mens, wat deur die begeertes van misleiding korrup is, moet afgooi.
Julle moet die gees van julle denke voortdurend vernuwe
en die nuwe mens aantrek wat in God, in onpartydige opregtheid en in die reinheid van die waarheid geskape is.

Deur die vyfvoud bediening en die gawes van die Afgesonderde Gees:

- Sal elkeen YHVH op ’n intieme wyse ken (Joh. 17:3).
- Sal daar eenheid (eensgesindheid) in die gemeenskap van gelowiges wees.
- Sal elkeen geestelike volwassenheid (volmaaktheid; Matt 5:48) bereik.
- Sal elkeen ‘n standvastige vertroue in YHVH se genade en voorsiening hê (Rom. 1:17 – die regverdige sal uit vertroue lewe).
- Sal elkeen vir medegelowiges en medemens met woord en daad omgee (*Passion for YHVH and compassion for mankind*).
- Sal die liggaam van Yeshua gebou, gestig en bedien word.

Laat ons nou vrede en mekaar se opbouing najaag. Rom. 14:19

want elkeen van ons moet ons medemens tevrede stel in dit wat goed is tot opbouing, Rom. 15:2.

Hy wat profeteer, praat egter woorde van opbouing, aanmoediging en vertroosting tot mense. 1 Kor. 14:3.

Terwyl julle ’n ywer het na die gawes van die Gees moet julle net so oorvloediglik soek na dit wat die gemeente sal opbou. 1 Kor. 14:12.

Ek sê daarom my broers, dat wanneer julle bymekaarkom, wie van julle ook al ’n gedig met musiek het, laat hom praat, of wie ook al ’n lering of ’n taal of ’n openbaring of ’n vertaling het, laat alles wees tot opbouing. 1 Kor. 14:26.

Bepeins of Bespreek

1. Shavuot was nie die begin van die kerk of ‘n nuwe godsdiens nie! Nee, dit was die voortsetting van die gemeente wat by Sinai bymekaar gekom het!

2. Wat was die uitstaande kenmerke van die gemeente van Handelinge? Is ons regtig bereid om in hulle voetspore te volg, veral gesien in die lig van Hand. 2:44 en 45?

Vrees en respek het op elkeen gekom en baie tekens en wonderwerke het deur die hand van die afgevaardigdes gebeur in Yerushalayim.
Almal wat vertrou het, was soos een en het alles gemeenskaplik besit
en die wat besittings gehad het, het dit verkoop en onder almal verdeel, volgens wat nodig was.
Voortdurend, dag vir dag, het hulle een van gees, ernstig aangehou in die tempel, van huis tot huis brood gebreek en hulle kos in vreugde ontvang en in eenvoudigheid van verstand, wil en emosie, geniet,
terwyl hulle God prys soos hulle omgee ontvang by al die mense. Ons Meester het daagliks, die wat tot lewe gekom het, by die gemeente gevoeg. Hand. 2:43 tot 47

3. Gelowiges wat uit die tradisionele Protestante Kerke nou in die Messiaanse Beweging is, het meesal weinig kennis en ondervinding van die vyfvoud bediening en die gawes van die Afgesonderde Gees. Hierdie ‘onkunde’ en gebrek aan belangstelling word daarom voortgesit in die Messiaanse Beweging. Daarteenoor is gelowiges wat uit die Pinksterkerke kom en nou deel van die Messiaanse Beweging is, wel bekend met die vyfvoud bediening en die gawes van die Afgesonderde Gees, maar hulle is dikwels so ontnugter deur veral die misbruik van die gawes van die Afgesonderde Gees, dat dit verkieslik nou vermy word. Hierdie is ‘n jammerlike toestand wat verhinder dat gelowiges in die Messiaanse Beweging kan funksioneer soos die gemeente van Handelinge. Wat kan hieraan gedoen word? Is dit nie broodnodig dat beide die vyfvoud bediening en die gawes van die Gees van Afsondering weer ‘herondersoek’ moet word nie? Onthou: Rabbynse Judaïsme kan ons nie aangaande hierdie waarheid leer nie!

Jetro en YHVH se regeringstruktuur

Yitro, die nie-Levitiese priester van Midyan, Moshe se skoonvader, het alles gehoor wat God vir Moshe en vir Sy volk Yisra’el gedoen het; hoe יהוה *Yisra’el uit Mitzrayim uitgebring het.* Ex. 18:1.

Jetro was waarskynlik ‘n opperhoof van die Midianiete wat vandag bekend is as die Bedoïene (woestyn-Arabiere). Jetro was ‘n geregverdigde vreemdeling (*righteous gentile*). Ex. 18:11 bevestig dit, want in die Hebreeus identifiseer Jetro homself as verbind aan YHVH en daarom gebruik hy die woord *elohim.* Indien hy ‘n heiden sou wees dan sou hy die woord *eloheihem* gebruik het om te verklaar dat YHVH groter is as my gode (die afgode van die Midianiete). Verder is dit ook te betwyfel of Moses sou trou met ‘n heidense vrou!

YHVH is ‘n God van orde soos ondermeer in 1 Kor. 14:40 bevestig word – *maar laat alles in ordentlikheid en met orde gedoen word.* Daarom het YHVH goedkeuring gegee aan ‘n regeringstruktuur soos wat in Ex. 18:15 tot 27, veral verse 21 en 22 beskryf word.

Meer nog jy moet uit die hele volk bekwame manne kies wat God respekvol vrees, manne van waarheid wat onregverdige wins haat en dié aanstel oor hulle as heersers oor ’n duisend, heersers oor ’n honderd, heersers oor vyftig en heersers oor tien

en hulle voortdurend oor die volk laat oordeel. Dit sal dan wees dat hulle al die groot sake na jou toe moet bring, maar in al die klein sake moet hulle self oordeel. Dit sal so makliker wees vir jou en hulle sal saam met jou die las dra.

As jy dit doen en God dit so beveel, dan sal jy kan uithou en sal ook al hierdie mense in vrede na hulle blyplek kan gaan.” Ex. 18:21 tot 23.

Dit beskryf die regeringstruktuur vir hulle swerftog in die wildernis en sou die vrede en veiligheid van elkeen waarborg. Die heersers (owerstes) het onder die gesag van Moses gestaan en hulle geestelike leier was Aäron. ‘n Baie belangrike karaktereienskap waaraan hierdie heersers moes voldoen, was dat hulle bekwame manne moet wees wat God respekvol vrees, manne van waarheid en wat onregverdige wins haat! Hierdie vereiste geld ook ten opsigte van die geestelike leiers van die nuwe verbond!

Israel se ‘top’ leierstruktuur het bestaan uit ‘n koning, ‘n priester en ‘n profeet. ‘n Gesalfde regter is iemand wat meer as een funksie verrig het. Byvoorbeeld: Moses was die regeringshoof (koning) en ook profeet, terwyl Aäron die hoëpriester was. Om te regeer het Moses heersers (owerstes) aangestel wat aan hom verantwoording moes doen. Moses het as

‘koning’ en as profeet onder die gesag van YHVH gestaan. Aäron was die geestelike hoof van Israel en die hoof van die Levitiese priesterdom. Hulle taak was om uitvoering te gee aan YHVH se Torah en die volk te leer hoe om as ‘n afgesonderde (heilige) volk van YHVH te lewe. In Parashah 48 sal ons meer leer oor YHVH se regeringstruktuur toe Israel die land Kanaän in besit gaan neem het om daar te heers en te regeer.

Israel het as eenheid eendragtig (eensgesind) gefunksioneer tot en met Salomo se dood. Hulle het altyd onder die leierskap van ‘n mens gestaan en het geestelik eendragtig onder die Levitiese priesterorde gefunksioneer. Ons is egter nou onder die priesterorde van Melgisedek met Yeshua as ons ewige Hoëpriester en ons as gelowiges wat priesters in YHVH se Koninkryk (1 Pet. 2:9 en 19) is. Maar daar is geen eensgesindheid nie. Daar moet weer ‘n patriargale struktuur gevestig word soos dit was by Israel van ouds en in die tyd van Handelinge.

YHVH se orde is ‘n patriargie (patriargale regeringsvorm). ‘n Studie van Genesis is ‘n studie van ons aartsvaders en dus van ‘n Patriargie. Die gedagte van ‘n patriargie word reeds in Gen. 1:1 bevestig, naamlik dat YHVH se hartsbegeerte is die vestiging van ‘n woning en huishouding met ‘n Vader en kinders (‘n Koningkryk, met ‘n koning en dienaars). Dit is wat die Rooms Katolike Kerk (RKK) wel tot ‘n groot mate reg gekry het en daarom was, en is hulle suksesvol. Maar na ‘n tyd, tye en ‘n halwe tyd (Open. 12:14 – sowat 1260 jaar na die ‘stigting’ van die RKK) het die Protestantse Beweging (die Reformasie) uit die RKK ontstaan. Onthou: Volgens die RKK is ‘n Protestant ‘n Rooms Katoliek wat rebelleer!

Die positief van die Reformasie was ondermeer dat gelowiges begin het om die Antimessias element in die RKK raak te sien en daarom het ‘n beweging ontstaan om ‘n verhouding met Messias te soek en nie meer met hulle priester (pous / kerk) nie! Die negatief is dat dit die begin was van die verbrokkeling van ‘n patriargale regeringstelsel soos wat huidig deur die duisende Christen denominasies bevestig word.

YHVH se regeringstruktuur volgens die nuwe verbond is grootliks geskoei op ‘n patriargie soos dit vir ons in Efes. 4:7 tot 13 uiteengesit word.

maar aan elkeen van ons is onverdiende guns gegee volgens die grootte van die geskenk van Die Gesalfde Een.

As gevolg hiervan word gesê: “Hy het opgevaar na die hoogte en het die gevangeskap gevange geneem en geskenke aan die mense gegee.”

Dít: ‘Hy het opgevaar’, wat beteken dit anders as dat Hy ook eers afgekom het na die laer dele, die aarde?

Die Een wat afgekom het, is dieselfde Een wat opgegaan het ver bo al die hemele sodat Hy alles kon herstel

en Hy het sommige as afgevaardigdes, sommige as profete, sommige as boodskappers van die goeie boodskap en sommige as herders en sommige as leermeesters gegee,

om die afgesonderdes volledig te maak vir hulle dade in die bediening tot opbouing van die liggaam van Die Gesalfde Een

totdat ons almal een sal wees in vertroue en in kennis van die Seun van God, een man, tot die mate van die volgroeidheid van Die Gesalfde Een.

Die bedoeling van die vyfvoud-bediening van apostels (afgevaardigdes), profete, evangeliste (boodskappers van die goeie boodskap), herders en leraars (leermeesters) is dat *ons almal een sal wees in vertroue en in kennis van die Seun van God, een man, tot die mate van die volgroeidheid van Die Gesalfde Een.* Die bedoeling is dat ons een groot familie sal wees wat

in eensgesindheid deel van Vader-YHVH se huishouding is. Ons Koning, Profeet en Priester is Yeshua wat gekom het om ook hierdie deel van YHVH se plan te herstel.

Bepeins of Bespreek

1. Is die volgende stelling steeds geldig? Die belangrikste karaktereienskap waaraan geestelike leiers moet voldoen, is dat hulle bekwame manne moet wees wat God respekvol vrees, manne van waarheid **en wat onregverdige wins haat**! Kan dit van alle bekende geestelike leiers van vandag gesê word? Het talle hedendaagse geestelike leiers nie ‘superster evangeliste’ geword wat vir hulself rykdom versamel het nie? Lees Matt. 10:8 in die verband. Mag daar wins gemaak word uit die evangelie? Lees Titus 1:5 tot 16.

2. Die hedendaagse kerk word nie deur herders gelei nie, maar hoofsaaklik deur die skape (gemeentelede)! Dit is ‘n feit dat die mees suksesvolle geestelike leiers is hulle wat die voorspoedleer verkondig. Daarom het kerke handelaars in die evangelie geword. Onthou: ‘n suksesvolle besigheid is een wat aan verbruikersbehoeftes voldoen. Die kerk word toenemend verbruikersvriendelik! Lees 2 Tim. 4:3. Die kerk verkondig ‘n ‘sagte evangelie’!

   False teachers tend to avoid difficult truths such as sin, judgment, and repentance, and focus on what people want to hear, rather than what they need to hear. (Refer to Jeremiah 23.) False teachers provide layers of truth mixed with error, but even a broken clock is right twice a day. Today, when the truth of God's Word is spoken, people are often offended because they've been conditioned to hear "feel good" messages that do little in calling out sin.

3. Die Messiaanse Beweging is grootliks gegrond op ‘n matriargale struktuur. Mans is hoofsaaklik doelwit gefokus en vroue is hoofsaaklik verhouding gefokus. Huisgemeentes (kleingroepies, huisselle) is grootliks op verhoudinge gefokus en daarom ‘n matriargie. Omrede huisgemeentes grootliks in isolasie funksioneer, word die groter prentjie van die vestiging van ‘n Koninkryk nie altyd raak gesien of nagestrewe nie.

-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.